

6 Mei 2008

**Ware wysheid is om te glo dat God reg sal laat geskied**

**Skrifgedeelte: Prediker 7 en 82 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Prediker 8:6-17**

Die populêre wysheid in Salomo se tyd het gesê dat jy jou toekoms kan beheer. Baie mense dink vandag dat as jy 'n goeie Christen is, dit goed sal gaan. Positiewe denke sal maak dat God positief reageer. Dit is dwaasheid. 'n Sekere lewenswyse kan nie God forseer om op 'n sekere manier op te tree nie. Hy is die soewereine God wat optree soos en wanneer Hy wil.

Job se lewe is 'n voorbeeld daarvan dat jy nie beheer oor jou toekoms het nie. Ons weet nie eers wat môre gaan gebeur nie. Ons het nie die mag om God te manipuleer nie. En omdat ek nie in beheer is nie, kan ek nie maar leef soos ek wil nie.

Wanneer goddeloosheid skynbaar seëvier, moet jy nie twyfel aan God se goedheid en regverdigheid nie. Moenie jou vertrou in God se liefde en versorging verloor nie (vgl. Job). Ontspan en geniet die gawes wat God jou bied. Moenie jouself opwerk oor iets wat jy nie in God se program kan verander nie. God se plan vir jou is reg en dit hou vir jou die beste in.

Aanvaar nederig die onbekendheid van God se werkinge – dit is die ware gelowige se geloofsreaksie op die dinge wat ons nie verstaan nie. Ons kan nie alles in die lewe logies uitredeneer nie. Aanvaar dat God se bedoeling die beste is.

Wysheid is om te glo dat God reg sal laat geskied. Die genieting van die gawes wat God jou bied, sal help om die frustrasies en die spanning van die lewe onder die son te kan hanteer. Ware wysheid is dat jy die onbekendheid van God se handelinge sal aanvaar en op Hom alleen vertrou.

*Sing: Psalm 33:6*

*Ds. TC de Klerk (Okahandja)*